NG Pretoria-Garsfontein

Senior Kategese
1e kwartaal 2011

Liewe Ouers

Welkom

Baie hartlik welkom aan u elkeen by hierdie jaar se kategese wat op 30 Januarie begin. Ons vertrou dat *Die Weg* reeks wat vir die kinders aangebied gaan word vir hulle soos ’n skat van groot waarde sal wees wat hulle van Sondag tot Sondag vind. Gesels gerus met u kind oor die tema van die dag wat behandel is, en mag die Here se seën op u elkeen rus.

Registrasie

Registrasievorms vir u kinders is reeds deur die kerkkantoor voltooi en is by die registrasietafel beskikbaar. Bring asseblief regstellings daarop aan, indien nodig.
Is daar nie ’n vooraf voltooide vorm nie, vul asseblief vir ons enetjie in. Registrasiekoste beloop R50 per kind.

Kategese tye en funksionering

Tyd: 18:00 tot 19:45
Dit is baie belangrik dat u kind eers die aanddiens, wat om 18:00 begin, bywoon. Vandaar verdaag die kinders na hulle onderskeie groepies tot en met 19:45. Woon gerus die erediens saam met u kind by, dit skep ’n ideale geleentheid om deur die loop van die week gesprekke met hom/haar rondom die onderwerp aan te knoop.

Kategese lokale

Ter wille van die wat onbekend met die kerk se gronde is, noem ons net dat kategese meestal in die jeugsentrum (huis wat op die kerkgronde is) plaasvind, maar daar is ook groepies wat bymekaarkom in kantore en lokale van die kerk gebou.

Met aanvang van hierdie jaar se kategese, sal ons dit waardeer as u saam met u kind die erediens bywoon. Die onderskeie groepleiers word die aand voorgestel en na afloop van die erediens kry u die geleentheid om u kind se leier te ontmoet voordat hulle na hulle onderskeie lokale verdaag.
Kinders wat nuut in die gemeente is, word by die geleentheid aan hul groepleier voorgestel.

Jaarprogram

Kalenders, waarop al die nodige inligting en belangrike datums is wat met die senior kategese verband hou, is binnekort beskikbaar. Dit sal óf by die registrasietafel of by u kind se groepleier te kry wees.
Elke kwartaal het sy geleenthede om na uit te sien. Dit sal gaaf wees as u die datums vroegtydig aanteken en julle as gesin saam met ons in die vreugdes van die geleenthede deel.

Kwartaal hoogtepunt

13 Maart – Paasfamiliedag: Kom ons kuier saam op hierdie dag en maak op so ’n wyse gebruik van die geleentheid om as gemeente die Here God te verheerlik vir die prys wat Hy namens elkeen betaal het. Meer besonderhede volg later oor waar dit gaan plaasvind.

Jeugaktiwiteite

Soos aktiwiteite plaasvind, sal die kinders skriftelik daarvan in kennis gestel word.

Bid saam met ons

Vir elkeen wat hom/haar tot die Here se beskikking gestel het om die kinders te bedien.
Ons kleuters, Graad 1’s, ’n Graad 5 groepie en Graad 9 dogters het nog nie ’n herder nie.
Druk die Here dit vir jou op die hart, kontak ons dan sonder versuim asseblief.
Die gebed van ’n gelowige het ’n kragtige uitwerking Jak 5:16b.

Webblad

Besoek ons webblad by **www.nggars.org.za** vir inligting oor jeugaktiwiteite en waar en wanneer wat plaasvind, ens. Groepleiers se kontakbesonderhede sal ook daarop wees vir maklike verwysing.

U is welkom om ons te kontak as daar enige iets is wat u graag met ons wil deel.

Groete in Jesus Christus, onse Heer.

Ds. Lieneke Neethling (082 872 8581)
Elize Viljoen, Jeugkoördineerder (084 791 8466)